

Arnold van Wyk, die bekende komponis en klavierspeler, het so pas teruggekeer van 'n uitgebreide konsertreis deur die vier provinsies en Suidwes-Afrika. In hierdie artikel en 'n volgende wat aanstaande week sal verskyn, vertel hy wat hy op die toer ondervind het.

# POST MORTEM

deur ARNOLD VAN WYK

DIE noodlot kan somtyds nogal geniepsig met my wees. In die afgelope twee jaar het hy o.a. my linkerarm gebreek en die plafon van my woonkamer laat inval. Op hierdie toer deur Suid-Afrika en Suidwes was hy ook maar elke keer by met sy lawwigheid. Natuurlik moes ek dus kort voor die aanvang van die toer 'n ernstige aanval van griep kry; natuurlik moes die mees gesiene inwoner van Spansrietfontein nou juis te sterwe kom kort voor my konsert („die Boere was gister hier vir die begrafnis; hulle ry nie twee keer per week dorp toe nie"); natuurlik moes ek nou juis op *Yom Kippur* gaan speel op Vogelstruispan (waar 'n mens veral afhanklik is van die Jode se steun), en natuurlik moes dit nou juis daardie aand so hard reën op Riviersonderwater dat net 'n eend met reënjas en sambreel deur die storm kon kom. Miskien gebeur dié dingetjies maar op elke toer en kla ek te gou, miskien nie. In elk geval, die toer is nou verby, en ek kan dit as geheel sien: die snaakse voorvalletjies en dié wat nie so snaaks was nie; die oorwinnings en die nederlae; die baie gawe mense wat ek ontmoet het en die paar wat nie so gaaf was nie.

Die toer was geen ruskuur nie. Veertig konserte in minder as drie maande en oor so 'n ontsaglike gebied is al op sigself genoeg. Verder het ek op al die klein plekke ook nog met die gehoor gepraat en moes ek dus nie net die musiek onthou nie, maar ook my sêgoed. Plek-plek moes ek self plakkate maak en opplak in 'n laaste poging om dié aand darem meer as dié vyf bespreektes in die saal te hê. En dikwels moes ek na my aankoms nog soek vir 'n beter klavier. As jy gemiddeld vier keer per week moet optree en tussenin nog moet reis, begin jou gesig vir jou elke dag meer na dié van Job of Tantalus lyk.

OOR die klaviere wat ek teengekom het, kan ek alleen 'n langerige hoofstuk skryf. Ek het natuurlik nie verwag dat elke dorpie splinternuwe Steinway-vleuels sou oplewer nie, maar op die swaar doodkiste, die afgeleefde rammelkaste en die verspotte miniatuurklaviertjies was ek darem ook nie voorberei nie. Baie stadsrade het natuurlik goeie instrumente aangeskaf en gesorg dat hulle nie as slaandinge vir dansorkeste, koektafels op kerkbasaars of uitskinkplekke op meer heidense byeenkomste gebruik is nie, maar oor die algemeen was die standaard maar ellendig. Na my aankoms op 'n plek het ek altyd gou verneem na die gesondheid van die klavier waarop ek moes speel. Gewoonlik het ek dan die antwoord gekry: „Nee, maar hy is *nog onlangs gestem . . .*" asof die versekering die hele wêreld reggemaak het. Maar laat ek u bekendstel aan 'n paar van die dierasies.

Ou Steeks Sarel wat ek op W-k raakgeloop het, is al beroemd. Dis hy van wie die een C-kruis bly vassteek nadat jy hom een keer gedruk het. Hierdie steeksheid kan nogal hinderlik wees, veral in 'n werk soos Beethoven se sg. „Maanligsonate" die toonsoort waarvan C-kruis is en waarin daar dus *ipso facto* nogal heelwat van hierdie note voorkom. Toe Sarel se gebrek aan C-kruise onuithoubaar word, het ek 'n vrywilliger agter die ou laat plaasneem — hy het die hamertjie van Sarel se C-kruis maar elke keer weer teruggestoot . . .

En hier is ou Lae Lenie, van B—f. Sy is laag van haar voete opwaarts. So lank laas was sy by die dokter dat al haar note 'n volle toon onder normaal is. Dis 'n ontsettende ondervinding om, byvoorbeeld, een van Lenie se A's te druk en die G daaronder te hoor uitkom. Terloops, Lenie en ek het toe nooit saam opgetree nie. Die plaaslike kragstasie het hom oor my ontferm. Hy het gaan staan, en die konsert kon dus, tot my groot vreugde, nie plaasvind nie . . .

Miskien sal u ook wil kennis maak met ou Slapvoet Suzi, van B—g. Suzi is 'n vleuel, swart en enorm. Maar sy is, haar ontsaglikheid ten spyt, oorgevoelig en liggeraak. 'n Mens moet net oor haar klawers asemhaal, en sy antwoord. Haar

(*Vervolg op bladsy* 118)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## POST MORTEM

(*Vervolg van bladsy* 43)

slap pedale is egter haar grootste gebreklikheid. Trap jy hulle, gee hulle 'n harde kraakgeluid en skuif hulle 'n goeie drie duim agtertoe. In die pouse het ons gewerk aan Suzi se voete: Kryt ingegooi en moere probeer vasdraai. Maar slapvoet het sy gebly. Toe het ons maar twee drieduimspykers net agter Suzi se voete ingeslaan — in die verhoog self. En vir die res van die konsert het Suzi nie gewankel nie.

En daar moet ons die gediertes laat.

OP hierdie tydstip is dit miskien wenslik om 'n paar woorde te sê oor die programme wat ek aangebied het. Daar was twee: 'n Ligtere vir die klein plekkies en 'n sware vir die groot dorpe en die stede. Geen slegte of minderwaardige werke is ingesluit nie, deels omdat my pligsbesef taamlik sterk ontwikkel is, en deels omdat ek myself wou beskerm; ek was verstandig genoeg om net musiek te kies wat by, sê, die dertigste konsert darem nog 'n mate van belangstelling by die speler kon wek. En so het dit gebeur dat ek selfs teen die einde van die toer nog nie geheel en al sat was vir die stukke wat ek moes speel nie. Juis met die oog op hierdie moegwordery het ek oorspronklik gereken om minstens vier volledige programme voor te berei. Ek is baie bly dat ek van die plan afgesien het, want daar was min genoeg kans om tussen die een konsert en die ander te oefen, en dis al moeilik genoeg om twee programme — totale tydsduur sowat drie uur — te onthou en redelik goed te speel. Ek moet ook byvoeg dat selfs die ligter program nie net ou, holrug geryde gunstelingnommers bevat het nie. Naas populêre werke soos die *Maanligsonate* van Beethoven, Debussy se *Clair de Lune* en die *Ballade in C-mineur* van Chopin, was daar onbekende of minder bekende werke van Haendel, Mozart, Dvorák (sy werke kom baie selde op klavierspelers se programme voor), Brahms en Bartók.

Die toer het dan ook bewys wat ek lank reeds vermoed het: Dat dit per slot van sake net aan die luiheid van die kunstenaars te wyte is dat 'n mens alewig dieselfde ou goed op klavieruitvoerings hoor. Bartók, wat gewoonlik deur pianiste links laat lê word, het op hierdie toer net soveel geesdrif uitgelok as Chopin, hoewel ek moet erken dat die jong nooientjies veral nog in vervoering raak oor „Sjoupahnghgh." Die tweede program was erg „hoë-voorkop": Naas minder bekende Chopin, het ek Bach, Haydn, Schubert, Debussy gespeel. En die mense verseker my dat die programme geniet is. Dié versekering klink so soet soos 'n jawoord uit die mond van Molotov of Vishinsky, hoewel ek wel deeglik besef dat ek veel groter gehore sou gehad het as ek my by die „Waarskou"-konsert gehou het, of goëltoertjies uitgevoer het, of as my naam Boris Wofwof was en ek 'n „snaakse dame" op die toer meegeneem het en haar elke aand tussen die tweede en derde dele van die *Maanlig* middeldeur gesaag het.

SOMMIGE van die plekke wat ek besoek het, het nog nooit 'n klavieruitvoering of enige volgroeide musiekkonsert beleef nie. Die volgende voorvalletjie hoef dus nie veel verbasing te veroorsaak nie. Op 'n dag kom ek toevallig aan by die winkel waar die plekbespreking vir my konsert plaasvind. Daar staan toe 'n omie wat besig is om te besluit of hy dit sou waag om die konsert by te woon. Hy word aan my voorgestel en vra my uit oor wat hy die aand sou hoor.

Een van sy vrae: „Gaan neef darem vanaand 'n paar ópperas sing ook?" het my heeltemal dronkgeslaan. (Ek wou antwoord: „Ja, die hele ‚Ring' van Wagner en as julle hard genoeg klap, hoor julle ook nog Verdi se ‚Aïda' as toegif." Maar ek het my gekeer.)

En op meer as een plek moes ek die heer wat my aan die gehoor voorgestel het (wanneer gaan ons mense ontslae raak van hierdie geweldige en onnodige Neiging tot Toespraak?) te lyf gaan, omdat hy vir die aanwesiges gesê het dat hulle daar is om ingelig te word, om stigtelik te wees en gereinig te word, maar dat dit 'n folteringsproses sal wees wat hulle onder geen omstandighede ook sal kan geniet nie!

Opvallend ook was die houding van die prinsipale van skole. Die RDB en ek was veral gretig om die jongmense en die skoolkinders te vang, en daar is dus gedurig by die prinsipale vlerkgesleep om soveel kinders moontlik in die gehoor te kry. Die reaksie was van heel verskillende aard. Sommige prinsipale het ingewillig om deel van die toegangsgelde uit skoolfondse te betaal; ander weer (en hulle is, helaas, in die meerderheid) het botweg geweier omdat die kinders „moet studeer en nie tyd het vir allerhande vermaaklikhede nie.")

Ek moet ook een en ander sê oor die verantwoordelikhede van stadsrade wat sale en klaviere

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

verhuur aan kunstenaars. Miskien lees die skuldiges hierdie woorde, en kry hulle berou. As jy 'n klavier verhuur, moet jy sorg dat die instrument in goeie werkende orde is en veral dat die pedale nie skree nie. Dis verbasend hoe min klavierstemmers ooit daaraan dink om te sorg dat die trapgoed behoorlik en geluidloos werk, en ek en my gehore het bitterlik gely onder hierdie agtelosigheid. Baie plekke is natuurlik afhanklik van rondreisende klavierstemmers, en in daardie geval kan 'n mens die stadsrade nie eintlik kwalik neem as die klavier in 'n ellendige toestand is nie. Dis vir 'n speler ook 'n klap in die gesig om voor 'n klavier te sit waarvan die toetse so vuil is dat 'n mens ril om daaraan te vat. Op meer as een plek het dit gebeur dat daar glad geen kans was om voor die uitvoering by die klavier te kom nie en dat 'n mens dus jou bedrywighede vir die aand moet begin deur hier in teenwoordigheid van die gehoor eers die klavier skoon te maak. Verder hou baie min kunstenaars daarvan om voor 'n konsert deur die gehoor te stap, maar dis wat hy gewoonlik maar moet doen, omdat die agterdeur van die saal gewoonlik onverbiddelik gesluit is. En sal stadsrade met die aanbou van nuwe stadsale tog asseblief daaraan dink om 'n paar ekstra pondjies te spandeer en gemaklike stoele wat nie kraak nie in die sale te plaas? Daar is stoele waarop selfs die aandagtigste gehoor nie geluidloos kan sit nie.

EN dit bring my by die gedrag van die gehore self. Ek is bly om te kan getuig dat die konsertmaniere tot op die kleinste plattelandse dorpies min te wense oorgelaat het. Hier en daar het veral die tannies hulle aan steurende gefluister skuldig gemaak, maar op my vriendelike versoek dat hulle óf moes stilbly óf moes harder praat sodat ek ook kon hoor, het hulle gewoonlik geswyg. Hulle klap (ook in die stede!) nog tussen die dele van 'n sonate, en op 'n paar plekke het dit gebeur dat die laatkommers met onnodige lawaai hul sitplekke ingeneem het. Op die versoek van die plekaanwysers dat hulle solank agter in die saal moet staan, is daar dan gewoonlik geantwoord dat hulle betaal het om te sit. Die omies wat so gretig is om 'n „paar woordjies te sê," kan gerus ook leer dat toegifte gebruiklik is op konserte. Baie keer het dit gebeur dat ek nouliks die laaste noot van die laaste stuk op die program aangeslaan het of genoemde omies staan reg op die verhoog om die „paar woordjies van dank" te betuig. Maar die gedrag van die gehore was soos ek sê, gewoonlik onberispelik.

Heel party mense het my gevra waar in ons land ek nou die mees waarderende gehore aangetref het. Dis moeilik om die vraag te beantwoord, omdat ek nie eweveel konserte in al die streke gegee het nie, en omdat 'n klein opkoms nie altyd 'n aanduiding van die betrokke plek se musikaliteit is nie. Maar, oor die algemeen gesproke, sou ek sê dat Suidelike Afrika maar oral ewe donker is. Ek kan byvoeg dat daar in die omtrek van Johannesburg 'n doodse materialisme heers; dat dit lyk of die Vrystaat veel meer kunsbewus is, so ook Natal; dat Suidwes baie waarderende gehore opgelewer het, en dat dit foutief is om te sê dat Kaapland omdat hy „ouer" is en reeds 'n „tradisie" besit, reeds ver gevorder het op kulturele gebied. In die volgende artikel sal ek 'n paar dinge aan die hand gee oor hoe hierdie algemeen verspreide duisternis verdryf kan word; ondertussen moet ons m.i. maar tevrede wees met die melankoliese feit dat daar dwarsdeur die Unie eweveel werk gedoen sal moet word alvorens ons 'n musiekbewuste volk genoem kan word.

Maar ek wil hierdie eerste deel van die lykskouing beëindig deur van aangename dinge te praat. Ek wil met dank praat van die byna beskamende vriendelikheid en gasvryheid wat ek ondervind het. Blomme is op die verhoë gerangskik selfs toe blomme nouliks verkrygbaar was. Hele dele van wonings is vir my gebruik afgesonder („dis nou jou klein heiligdompie hierdie," het een dame gesê) en die vertrekke volgeprop met blomme, vrugte en ander eetgoedjies. Een besige amptenaar het hom die moeite getroos om my 'n plesierige dag in die Wildtuin te gee. Ander het gesê: „Nee, maar ek neem jou per motor soontoe" as mnr. Sauer se waens sewe uur sou reis om 'n afstand af te lê wat 'n motor binne anderhalf uur kon klaarspeel.

Ek kan al die vriendelikheid en opoffering nie opnoem nie. Ek hoop maar net dat al die goeie mense besef wat hulle bystand vir my beteken het en dat ek daarsonder nouliks met die toer sou kon volgehou het.

*(Slot volg)*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012